

AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

Paper 0548/01
Reading and Writing

Kernboodskappe

Ten einde goed te vaar in **Oefening 1** moes leerders:

- die teks met begrip lees,
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word,
- inligting in die teks identifiseer, en,
- die vrae verstaanbaar, bondig en doeltreffend in Afrikaans beantwoord.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 2** moes leerders:

- die teks met begrip lees,
- verstaan wat van hulle verwag word, en,
- inligting uit die teks akkuraat en doeltreffend op die vorm oordra.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 3 en 4** moes leerders:

- die teks met begrip lees,
- die opdragte verstaan,
- relevante inligting in die teks identifiseer,
- bondige aantekeninge onder gegewe hofies maak (**Oefening 3**),
- inligting oor 'n aspek van die teks opsom (**Oefening 4**), en,
- die opsomming in een paragraaf van hoogstens 80 woorde en hoofsaaklik in hulle eie woorde skryf (**Oefening 4**).

Ten einde goed te vaar in **Oefening 5 en 7** moes leerders:

- die opdrag verstaan,
- sinvol en doeltreffend op die opdrag reageer,
- hulle verstaanbaar en doeltreffend in Afrikaans uitdruk,
- puntuasie, sinne en paragrawe doeltreffend gebruik,
- die drie aspekte van die opdrag in hulle brief dek (**Oefening 5**),
- hulle mening van die gegewe onderwerp bespreek (**Oefening 7**), en,
- die gepaste toon en formaat vir hulle skryfstuk gebruik.

Ten einde goed te vaar in **Oefening 6** moes leerders:

- die teks met begrip lees,
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word,
- die toepaslike inligting in die teks identifiseer,
- (slegs) die relevante inligting in hulle antwoorde verskaf,
- antwoorde gee wat sinvol op die vrae volg, en,
- die vrae duidelik, bondig en doeltreffend in Afrikaans beantwoord.

Algemene kommentaar

Oefening 1

Dit is 'n begripsoefening waarin leerders se soekleesvaardighede aan die hand van 'n kort teks getoets word. Hulle beantwoord die vrae in enkele woorde of sinsdele.

Oefening 2

Hierdie oefening fokus op die oordra van inligting. Leerders gebruik inligting uit 'n gegewe teks om 'n vorm in te vul. Enkele woorde, sinsdele en soms 'n volsin word ingevul.

Oefening 3

Leerders gebruik inligting uit 'n gegewe teks om aantekeninge onder opskrifte te maak.

Oefening 4

Leerders maak 'n opsomming van een paragraaf van ongeveer 80 woorde oor 'n aspek van dieselfde teks wat in **Oefening 3** gebruik is.

Oefening 5

Leerders skryf 'n vriendskaplike brief van 150 tot 200 woorde gebaseer op 'n onderwerp met drie spesifieke riglyne.

Oefening 6

In hierdie leesbegrip beantwoord leerders vrae oor 'n teks. Die vrae word hoofsaaklik in volsinne beantwoord.

Oefening 7

Leerders skryf 'n artikel van 200 tot 250 woorde vir die skoolkoerant. Hulle gee hulle eie mening oor 'n onderwerp nadat hulle na ses menings oor die onderwerp gekyk het.

Kommentaar op spesifieke vrae

Oefening 1

Vraag 1: Die meeste leerders het hierdie vraag reg beantwoord. In plaas van om net 'Dit is gratis' te skryf, het sommige 'Gedurende Parkeweek in September kan Suid-Afrikaners die land se 19 nasionale parke gratis besoek' direk uit die teks geskryf.

Vraag 2: Die meeste leerders het hierdie vraag reg beantwoord.

Vraag 3: Talle leerders het hierdie vraag reg beantwoord, hoewel sommige verkeerdelik na Golden Gate in plaas van die Krugerwildtuin verwys het.

Vraag 4: Alhoewel baie leerders goed in hierdie vraag gevaar het, was sommige nie spesifiek genoeg nie. Antwoorde soos 'Elkeen het 'n swembad' of 'Elkeen het sy eie klein swembad' in plaas van 'Elke huisie het sy eie swembad' het nie 'n punt verdien nie.

Vraag 5: Sommige leerders het gesukkel om twee ooreenkomste te noem.

Vraag 6: Die meeste leerders het hierdie vraag reg beantwoord.

Algemene riglyne:

- Leerders moet die vrae deeglik lees sodat hulle akkurate antwoorde kan skryf.
- Leerders moet herinner word dat hulle kort antwoorde mag (en verkieslik moet) skryf, maar nie telegramstyl moet gebruik nie. Hulle moet genoeg inligting verskaf om te wys dat hulle die vrae verstaan (vgl. die kommentaar by **Vraag 4** hierbo).
- Leerders moet hulle elke keer afvra of die antwoord wat hulle neerskryf werklik die vraag beantwoord.
- Die antwoord moet logies op die vraag volg: Sommige leerders verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Hulle moet besef dit gaan nie werk nie – hulle sal tien teen een geen punt behaal nie.
- Antwoorde moet met 'n hoofletter begin en met 'n punt eindig.

- Leerders moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Dit behoort nie nodig te wees om twee of drie handgeskrewe reëls per gegewe reël in te druk nie.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie. Daar is leerders wat elke vraag in hierdie oefening in die antwoord herhaal. Dit is onnodig en 'n vermorsing van tyd.

Oefening 2

Vraag 7

Die meeste leerders het die vorm baie goed ingevul.

- (a) Alhoewel byna al die leerders 'Augustus' reg gespel het, was daar wel 'n klein groepie wat dit verkeerd gespel het. Sommige het ook die jaar uitgelaat.
- (b) Min leerders het die adres verkeerd neergeskryf. 'n Paar het egter 'Melkhoustraat' in plaas van 'Melkhoustraat' geskryf. Party leerders het die naam van die dorp en die poskode na die straatadres geskryf, en sodoende die punt verbeur. 'n Klein groepie het weer die skool se adres in plaas van die huisadres geskryf.
- (c) Die meeste leerders het die e-posadres korrek neergeskryf. Sommige het egter die punt verbeur deur 'frank' met 'n hoofletter te skryf en deur onnodige spasies tussen 'frank' en 'willemsse', na 'willemsse' en voor 'xyzmail' te laat. Leerders kan herinner word dat hulle vermoë om inligting presies oor te dra, getoets word.
- (d) Die meeste leerders het hierdie punt gekry.
- (e) Die meeste leerders het hierdie punt gekry.
- (f) Alhoewel baie leerders die 'Konserte' korrek gekies het, het verskeie byvoorbeeld 'As ouers speel' i.p.v. 'By die huis' geskryf. Leerders wat 'By sy huis' geskryf het, het die punt verbeur omdat hulle dan nie namens Frank geantwoord het nie.
- (g) Die meeste leerders het hierdie punt gekry. Leerders wat 'Hy wil 'n dokter word' of 'Hy wil medies studeer' i.p.v. 'Ek wil ...' geskryf het, het die punt verbeur.

Algemene kommentaar en riglyne:

- Leerders moet besef dat hulle die vorm namens die persoon wat beskryf word, invul. Waar nodig, moet hulle dus in die eerste persoon antwoord.
- Leerders moet herinner word om die hoofletter aan die begin maand- en straatname duidelik aan te dui. As dit soos 'n kleinletter lyk, verbeur hulle die punt.
- Hulle moet ook herinner word dat hulle in die adres slegs die ontbrekende inligting moet neerskryf – die pleknaam en poskode staan reeds daar en moet dus nie herhaal word nie.
- Leerders moet herinner word om adresse en datums reg neer te skryf, want slegs as dit perfek neergeskryf is, word 'n punt toegeken. Hierdie aktiwiteit toets leerders se vermoë om akkuraat te lees en inligting akkuraat oor te dra.

Oefening 3

Die leerders wat goed in hierdie oefening gevaar het, het verstaan wat in elke onderafdeling van hulle verwag is.

Vraag 8: Die meeste leerders het twee punte hier behaal.

Vraag 9: Alhoewel heelwat leerders hierdie punte behaal het, het verskeie nie die woord 'bekommerd' verstaan nie.

Vraag 10: Die meeste leerders het ten minste twee van die drie punte behaal. Sommige het 'n punt verbeur omdat hulle dieselfde antwoord in effens ander woorde herhaal het of oorvleuelende antwoorde gegee het.

Algemene riglyne:

- Leerders moet onthou dat hulle verkieslik notavorm/telegramstyl moet gebruik en geensins volsinne hoof te skryf nie. Hulle antwoorde moet sinvol onder die gegewe hofies pas.
- Leerders moet beslis nie (lang) sinne woordeliks uit die teks neerskryf nie. Dit moet duidelik wees dat hulle die teks verstaan en inligting kan uitkies.
- Die ander uiterste is ook nie aanvaarbaar nie: Waar dit in **Vraag 8** aanvaarbaar was om slegs 'vermaak' as een antwoord te gee, het al die ander antwoorde kort sinne vereis.
- Leerders moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Dit is onnodig om twee of drie handgeskrewe reëls per gegewe reël in te druk.

Oefening 4

Vraag 11

Oor die algemeen vind leerders die opsomming steeds moeilik en het hoofsaaklik twee foute begaan:

- Verskeie leerders het die hele teks opgesom eerder as om slegs oor die redes waarom Suid-Afrikaanse animeerders suksesvol kan wees, te skryf.
- Sommige leerders het net 'n reeks sinne of sinsdele direk uit die teks neergeskryf. Leerders wie se hele opsomming 'n woordelike herskryf van sinne en sinsdele uit die teks is, verdien hoogstens een punt. (Sien die kriteria in die tabel in die nasienskema.)

Dit is belangrik dat leerders die instruksies noukeurig uitvoer: één paragraaf van hoogstens 80 woorde.

Oefening 5

Vraag 12

Die meeste leerders het doeltreffend oor die onderwerp geskryf en die drie onderafdelings goed gedek, naamlik:

- wie die kompetisie georganiseer het en wat die reëls was
- waaroor hulle opstel was en hoekom hulle die onderwerp gekies het
- wat die prys was en wat hulle daarmee gaan doen.

Die leerders wat die beste gevaar het, het die brief met 'n gepaste aanhef begin, die drie onderafdelings in drie paragrawe gedek en daarna met 'n gepaste slot geëindig. Goeie briewe is verder gekenmerk deur 'n entoesiastiese inslag en 'n redelik informele geselstoon.

Algemene kommentaar en riglyne:

- Leerders moes daarop let dat hulle 'n kompetisie wat reeds plaasgevind het, moes beskryf – hulle moes dus nie oor 'n komende kompetisie skryf nie.
- Leerders wat oor 'n ander soort kompetisie i.p.v. 'n opstelkompetisie geskryf het, het 'n swak punt (gedeeltelik relevant) vir inhoud gekry.
- Leerders moet herinner word dat hulle nie hulle adres bo-aan die brief hoof te skryf nie. Heelwat leerders skryf dit wel, maar dit word geïgnoreer.
- Die manier waarop 'n brief begin en eindig – die aanhef en slot – verdien beslis aandag. Sommige leerders skryf 'Liewe/Beste Maat/Maatjie' en 'Deer' in plaas van 'Beste' of 'Liewe'.
- Daar was weer 'n verbetering in leerders se parafrering. 'n Minderheid het die hele brief in een paragraaf geskryf. Leerders moet herinner word om in paragrawe te skryf. Die riglyne wat in die onderwerp verskaf word, kan netjies as die hoofgedagtes van drie paragrawe dien.
- Reëls tussen paragrawe moet verkieslik oopgelaat word – in die antwoordboek word daar genoeg ruimte vir die skryfstuk verskaf.
- Dit was steeds duidelik dat die gebruik van hoofletters en leestekens aandag benodig. Behalwe die algemene foute wat tweede- en derdetaalsprekers tipies begaan en moet probeer vermy, moet leerders aandag gee aan die gebruik van leestekens (veral die komma voor 'want' en 'maar' en tussen gesegdes, en die punt aan die einde van sinne), hoofletters (veral aan die begin van 'n sin), en woordorde na voegwoorde soos 'dat' en 'omdat'.
- Daar is leerders wat 'n paar bekende idiome leer om in hulle skryfstukke te gebruik. Leerders moet herinner word dat dit slegs doeltreffend is as die uitdrukkings natuurlik binne die konteks pas.

- Leerders word herinner dat hulle die gegewe drie riglyne in hulle skryfstukke moet dek. Dit kan veral nuttig wees vir leerders wat onseker is of hulle die onderwerp goed verstaan.
- Leerders moet aangemoedig word om reeds in die eerste paragraaf met die onderwerp te begin. Die trefkrag van 'n goeie openingsparagraaf kan nie oorskat word nie.
- Leerders moet herinner word om ongeveer 150 tot 200 woorde te skryf. Te kort skryfstukke gee nie 'n bevredigende beeld van hulle skryfvermoë nie en stel hulle nie in staat om die onderwerp ordentlik te dek nie.
- Leerders wat te lank skryf, penaliseer hulleself gewoonlik omdat hulle briewe dan dikwels nie 'n hegte struktuur het nie. Hulle sukkel dan ook dikwels om genoeg tyd vir hulle tweede skryfstuk en ander oefeninge te hê.
- Die gebruik van Engelse woorde en uitdrukkings word nie aanvaar nie.
- Vaste uitdrukkings met voorsetsels wat leerders behoort te ken:

skryf oor 'n onderwerp
bestee geld op/aan
stel belang in iets
gaan na 'n plek
is trots op
is tevrede met
bly by die huis
gesels met 'n maat
gee om vir
hou van iets/iemand
is opgewonde oor
kuier by iemand
is kwaad vir iemand
is lief vir iets/iemand
luister na musiek
na my mening
sien uit na
verlang na iemand

- Afrikaanse plekname wat leerders behoort te ken

Suid-Afrikaanse name soos Suid-Afrika, Kaapstad, Johannesburg
Name van plekke/besienswaardighede soos Tafelberg, Wieg van die Mensdom, Krugerwildtuin, Robbeneiland, Botaniese Tuin, dieretuin
Internasionale plekname soos Londen, Engeland, Parys, Frankryk, Nederland, Amerika, Kanada

Oefening 6

Vraag 13: Talle leerders het hierdie punt gekry. Hulle moes noem dat Afrikaans haar vierde taal is.

Vraag 14: Die meeste leerders het hierdie punt behaal.

Vraag 15: Talle leerders het hierdie punt gekry. Hulle moes spesifiek noem dat die ouers nie kon werk nie.

Vraag 16: Leerders moes twee voorbeelde gee. As hulle gesê het dit help haar om te leer, was dit nie spesifiek genoeg nie.

Vraag 17: Hier moes leerders 'lees' en 'skryf' vir een punt noem.

Vraag 18: Die beste antwoorde was waar leerders verwys het na hoe Nolwazi op haar eie tuis en ook saam met anders leerders by die skool geoefen het.

Vraag 19: Die meeste leerders het hierdie vraag reg beantwoord.

Vraag 20: Baie leerders het hierdie vraag reg beantwoord.

Algemene kommentaar en riglyne:

- In hierdie oefening moet leerders nie in telegramstyl probeer antwoord nie. Dit is nie soos **Oefening 1** en **Oefening 3** waar volsinne nie altyd nodig is nie. Die vrae in hierdie oefening vereis gewoonlik volsin-antwoorde waarin leerders idees volledig moet uitdruk.
- Leerders moet die regte manlike en vroulike voornaamwoorde met betrekking tot die persone in die teks gebruik.
- 'n Vraag wat een punt tel, vereis gewoonlik een feit en twee punte vereis twee feite.
- Leerders wat vrae in hulle eie woorde beantwoord, toon werklik begrip.
- Sommige leerders verbeur punte deur hele sinne direk uit die teks neer te skryf en te hoop dat die antwoord êrens daarin skuil. Punte word slegs toegeken as die antwoord logies op die vraag volg.
- Die vrae moenie in die antwoorde herhaal word nie.
- Leerders moet besef dat die ruimte wat vir antwoorde verskaf word, genoeg is vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Dit behoort nie nodig te wees om twee of drie handgeskrewe reëls per gegewe reël in te druk nie.
- Antwoorde moet met 'n hoofletter begin en met 'n punt eindig. Sommige leerders ignoreer hierdie belangrike skryfkonvensies.

Oefening 7

Vraag 20

Algemene kommentaar en riglyne:

- Vir hierdie antwoord het baie leerders hul mening oor die leer van 'n derde taal gegee, maar te min het oor die idee van 'n verpligte derde taal op skool geskryf. Leerders word daaraan herinner om baie goed te kyk na wat die onderwerp vereis.
- Leerders moet herinner word dat hulle hul eie mening moet gee. Sommige leerders lewer as 't ware kommentaar op die ses uitsprake wat gegee word eerder as om hulle eie mening te stel en te bespreek.
- Die skryf van 'n doeltreffende inleidende paragraaf verdien aandag – sommige leerders val weg met waarom hulle saamstem of nie sonder om duidelik te stel waarmee hulle saamstem of nie saamstem nie.
- Te min leerders het 'n doeltreffende slotparagraaf geskryf – sommige skryfstukke het stomp geëindig.
- Sommige leerders het nie lank genoeg geskryf nie, wat 'n negatiewe uitwerking op hulle punte het omdat hulle die onderwerp dan nie goed genoeg dek nie. Hulle moet onthou dat hierdie skryfstuk 200 tot 250 woorde lank moet wees en nie 150 tot 200 woorde soos die een in **Oefening 5** nie.
- Sommige leerders het verkeerdlik slegs een van die ses gegewe uitsprake as onderwerp gekies en net daarvoor geskryf, wat hulle punte benadeel het.
- Leerders moet aangemoedig word om aandag aan die bou van hulle skryfstuk te gee:
 - Begin met 'n doeltreffende inleidende paragraaf waarin hulle reeds hulle standpunt oor die onderwerp stel.
 - Die liggaam van die skryfstuk bestaan uit paragrawe wat logies op mekaar volg, met skakelwoorde verbind is en progressief ontwikkel.
 - Die slotparagraaf sluit die berig netjies af.
- Reëls tussen paragrawe moet verkieslik oopgelaat word – in die antwoordboek word daar genoeg ruimte vir die skryfstuk verskaf.
- Die taalgebruik en register moet by die teikenleser en die opdrag pas.
- Daar is leerders wat een of meer bekende idiome leer om in hulle skryfstukke te gebruik. Leerders moet herinner word dat dit slegs doeltreffend is as die uitdrukkings natuurlik binne die konteks pas.
- Daar word nié van leerders verwag om in kolomme te skryf nie en hulle moet dit verkieslik nie doen nie omdat hulle werk dan dikwels moeilik leesbaar is.

Sien ook die kommentaar en riglyne by **Oefening 5**.

AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

Paper 0548/02
Listening

Algemene kommentaar

Hierdie eksamen toets hoe goed kandidate die inligting wat hulle hoor, verstaan en of hulle gepas kan reageer op die vrae wat daarop gebaseer word. Met ander woorde: of hulle vir spesifieke besonderhede kan luister, en in die geval van meer veeleisende vrae, korrekte afleidings kan maak. Die vier oefeninge stel nie almal dieselfde vereistes nie, want die vrae en tekste wissel ten opsigte van die vaardighede wat getoets word. In die eerste twee oefeninge (11 punte) word geen skryfvaardighede hoegenaamd vereis nie, want daar word bloot 'n regmerkie gemaak in 'n antwoordblokkie van die kandidaat se keuse om 'n antwoord aan te dui. Vir **Oefeninge 3 en 4** moet antwoorde op die vraestel ingeskryf word. Hierdie oefeninge tel saam meer as 60 per sent van die totale punte vir die vraestel. Daarom speel skryfvaardighede tog 'n rol, hoewel verkeerde spelling as sodanig nie gepeenaliseer word nie, solank die antwoord duidelik herkenbaar is, en duidelik begrip toon.

'n Beduidende aantal van die kandidate wat hierdie vraestel beantwoord het, verstaan gesproke Afrikaans goed, en hulle kon doeltreffend op die vier tekste waarna hulle moes luister reageer (geen punte word toegeken as 'n Engelse woord as antwoord neergeskryf is nie).

Dit bly noodsaaklik dat kandidate wat Afrikaans as 'n tweede taal neem, soveel blootstelling as moontlik aan die gesproke taal ook kry, want dis 'n uiters belangrike taalvaardigheid. Kandidate wat onbevredigend presteer, hoor en praat dalk slegs Afrikaans in Afrikaansklasse by die skool. Die onderrig wat hulle daarin ontvang, is dus van deurslaggewende belang. Luisterbegrip moet verkieslik so interessant moontlik aangebied word deur interessante aktiwiteite te kies wat aansluit by leerders se belangstellingsveld en leefwêreld.

Kommentaar oor spesifieke vrae

Oefening 1

In hierdie eerste oefening wat ook die minste veeleisend is, kan antwoorde altyd gegee word omdat slegs uit twee moontlikhede gekies moet word deur 'n regmerkie te maak. Daar moet egter fyn geluister word en goed gekyk word presies wat die ses stellings sê, byvoorbeeld by **Vraag 5**, waar kandidate moes aandui of dit waar is dat Kobie 'baie gespanne was'. In die teks sê Kobie sy het 'met swetende handpalms' op die stuurstang gesit. Dit is die aanduiding dat die antwoord 'Waar' moet wees.

Oefening 2

Hierdie gesprek handel oor 'n onderwerp wat deesdae baie aktueel is, naamlik herwinning en verwerking van afvalprodukte. Die meeste kandidate behoort daarby aanklank te gevind het. Die vrae toets of die kandidate die dialoog goed genoeg verstaan het om te kan onderskei tussen vier verskillende moontlikhede by elke meerkeusevraag, en die korrekte antwoord kan kies wat by die inleidende sin langs elke vraagnommer pas.

Dit was opvallend dat sommige kandidate wat oor die algemeen goed gevaar het in die ander drie vrae, geoordeel aan hul totale punt vir hierdie vraestel, met die vrae by Oefening 2 gesukkel het. By elke vraag moes hulle baie goed mos konsentreer om die antwoord uit die vier gegewe moontlikhede te kies wat hulle gehoor het toe hulle na die teks geluister het, en nie dalk 'n antwoord wat volgens hul eie oordeel korrek is nie.

Oefening 3

Die oudio-opname van hierdie teks is ook 'n dialoog, maar die opdragte is meer veeleisend omdat die antwoorde in die vorm van kort aantekeninge moet wees wat neergeskryf word in die ruimtes op die vraestel wat daarvoor verskaf word. Die antwoorde is inligting uit die gesprek tussen 'n ma van klein kinders en 'n sielkundige wat uit die teks geïdentifiseer word. Die teks op die oudio-opname van hierdie gesprek is langer as vir die eerste twee vrae. Volsinne word nie vereis in antwoorde nie.

Vraag 13: Die woord 'buitelig' by vraag 13 is nie as korrekte antwoord aanvaar nie, aangesien dit 'n ander betekenis het as 'buitelug'. Dit is nie net 'n spelfout nie.

Vraag 18 (ii): 'n Punt vir die vraag is slegs toegeken as daar in die kandidaat se antwoord genoem is dat die ouers 'n voorbeeld aan kinders moet stel deur self minder tyd op skerms deur te bring ('n voorbeeld stel' is nie volledig genoeg nie).

Oefening 4

Vir die vrae oor die gesprek tussen 'n joernalis en 'n stapper moes kandidate die antwoord in volsinne of frases neerskryf. Antwoorde moes onder andere begrip, menings en houdings van sprekers weergee.

Vraag 20: In die antwoord moet uitgelig word dat die stapper nie op die pad waar motors ry, en dit gevaarlik vir fietsryers is, wou stap nie.

Vraag 23: Sommige kandidate het hierdie vraag oor hoe die stapper sy rustyd beplan het, problematies gevind, waarskynlik omdat die woord 'beplan' in die vraag, nie in die luisterteks self gebruik word nie. Dit was dus moeiliker om die gevraagde inligting te identifiseer. (Hy het sy staptog beplan deur rusdae in te sluit, een rusdag na elke 3 dae se stap.)

Vraag 25: Dit blyk uit 'n geruime aantal antwoorde dat die woord 'behelpsame' nie aan baie kandidate bekend is nie.

AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

Paper 0548/05
Oral

There were too few candidates for a meaningful report to be produced.